

Curriebeker 2011

Goue Leeus
vs Pumas



In die eerste Curriebeker wedstryd vir 2011 op Coca-Colapark, skop die Leeus af met 'n swak vertoning teen die Pumas. Dit is basies die span wat nog onlangs in die Superreeks gespeel het en 'n mens sou regtig meer wil verwag... Hulle wen die wedstryd 31-27 met Burton Francis wat 21 punte aanteken en in die algemeen 'n puik wedstryd gespeel het. John Mitchell was nie baie in sy noppies nie en gaan beslis die sweep laat klap! Die Pumas was baie ongelukkig om nie die een te wen nie en lyk na 'n baie goeie afgerigte span wat hul nog deeglik sal laat geld vanjaar.

Cheetahs
vs Luiperds



In Bloemfontein skop die Cheetahs af met 'n oorwinning van 40-12 oor die Luiperds. Die vyf drieë in die eerste helfte het die Luiperds soos 'n tsunami getref en was rustyd met 35-5 voor. Die tweede helfte het die Bloemfonteiners egter uitgesak en vir Naka en kie moet dit ietwat kommerwekkend wees. In die Cheetah span is heelwat nuwe gesigte wat vinnig moet aanpas om saam met die groot honde te wil blaf. Die blikore speel in die volgende ronde teen die gekwete Bulle op Loftus.

Griekwas
vs Westelike
Provinsie



Om gelyk op te speel is so goed as om jou skoonma te soen... Die wedstryd eindig met die telling 26-26. Op

Nuweland het die Diamantvelders die WP voos geduik! In die vaste fasette was die Griekwas strate beter as die WP en was baie ongelukkig om nie hierdie wedstryd te wen nie! Daar word baie van die WP verwag maar gaan harde bene kou vanjaar as hulle die soort spel gaan lewer. Die Griekwas speel in die volgende wedstryd op hul tuisveld teen die Goue Leeus en as hulle kan voortbou op die spel wat hulle in die Kaap gelewer het, gaan die Leeus harde bene kou!

Sharks
vs Blou Bulle



Vir die nuwe afrigter van die Blou Bulle, Pine Pienaar, welkom in Curriebekerrugby! John Plumtree, kon nie vir 'n beter begin gevra het in die 2011 kompetisie nie. Die Haaie het van meet af ingeklim en kookwater rugby opgedis. Hulle het die Bulle in die skrums verniel en toe baljaar in die losspeel. Beide spanne het met baie nuwe outjies uitgedraf, maar die Durbaniete het die geleentheid aangegryp en gewys hulle is honger vir die beker! Keegan Daniel, die nuwe kaptein, het van voor af gelei en het getoon hoe waardevol hy hierdie seisoen vir die Sharks sal wees. Die Sharks wen 35-16 en druk in die proses vier skitterende drieë. Fred Michalak het ook uitgeblink en 20 punte aangeteken wat ook 'n puik drie ingesluit het. Marcell Coetzee het ook die oog gevang met sy werkverrigting. Die Haaie reis Nelspruit toe om die Pumas te pak en die Bulle huisves die Cheetahs op Loftus.

Nag ou grote...

2011 Sun City 400



Rustenburg/ Sun City – Die winde van verandering gaan deur die Pilansberge waai met vanjaar se Sun City 400 in ronde vyf van die Absa Off Road Championship op 29 en 30 Julie 2011. Die byeenkoms sal gekenmerk word deur 'n nuwe roete wat nog nooit voorheen gebruik is nie! Die organiseerders, Off Road SA, het 'n nuwe roete van 400 kilometers uitgemerk wat die uitdaging soveel groter en moeiliker sal maak vir die sowat tagtig deelnemers. Hierdie "nuwe" roete sal bydra dat die Sun City 400 een van die taaiste op die Absa kalender sal wees. Waarvoor wag julle, manne? Volgens Adri Roets, die wedren direkteur, is daar baie harde werk en manne ure in die projek ingestoot maar dit alles is absoluut die moeite werd.

Die 60 kilometer Donaldson Prologue sal Vrydag, om 12h30, in die Bakubung area, in die weste van Sun City plaasvind om te bepaal hoe die deelnemers sal wegspring op Saterdag oggend. Bakubung beteken letterlik "hippo" maar die deelnemers hoef gelukkig nie oor nat- en modderige toestande dié tyd van die jaar te bekommerd te wees nie. Die wedren, **Saterdag 30 Julie**, sal beslis word oor twee rondes van 200 kilometer elk. Die wedren hoofkwartier is by die Sun City parkeer area wat sal dien as die begin- en eindbestemming. Die eerste 30 kilometers van elke ronde sal die Prologue behels en daarna word die koppies by Mahobieskraal aangedurf. Die roete swaai dan weg wes na Bapong en Tweelaagte voordat die jaers dan noord swenk na Makgope. Die deelnemers swaai dan suid na Witrandjies en jaag dan terug na Sun



City via Mahobieskraal. Opwindend vanuit 'n Rustie oogpunt, is die feit dat daar heelwat geharde manne van Rustenburg aan hierdie strawwe wedren deelneem! Willem en Dana Vos van Rustenburg Gearbox Services in Klas SP (Toyota HiluxV6) sal die oond laat kook en sal gevolg word deur onderskeidelik Jimmy en Stefan in hul Cobalt Racing Bat in Klas A, Theo en Gavin Wagner van Prestige Panelbeaters in Klas E (Nissan Hardbody), Jaco Visser van Visser Vervoer in klas D (Colt Rodeo V6), asook Johan en Juan van Engine Centre in Klas B in hul Buisraammotor.

'n Verdere hoogtepunt is Willem en Dana Vos wat sal meeding in die "Nationals" kategorie en as alles vlot verloop, sal hulle met die trofee wegstap as gunsteling by die 2011 Sun City 400! Die manne nooi die publiek uit om hulle te kom ondersteun en kan daarop let dat daar heelwat toeskouer punte sal wees waar daar die nodige ondersteuning gegee kan word en lekker gekuier kan word!

Die Platina Motorsport Redaksie span sal terugvoering van die aksie gee in die uitgawe van 5 Augustus en wens die Rustie deelnemers baie sterkte toe!

Inauguration of the Executive Mayor

Clr Mpho Khunou

Venue: Olympia Park Stadium

Date : 23 July 2011

Time : 09h00

Find us on: **facebook** Rustenburg Local Municipality | Mpho Khunou

twitter @rtbmayor

Rustenburg
Local Municipality

